Aanddiens
7 Junie 2009

Lees: Hand. 2: 1-13
Teks: Hand. 2: 4
Sing: 1. Ps. 36: 2+3
2. Ps. 91: 1+3 (TT)
3. Ps. 145: 10+12
4. Sb. 20-2: 5-7

Die Miskende; die Onderskatte; die Vergete; *so sou ons baie maklik van die Heilige Gees kan praat en dink.* Dit is trouens iets waaroor ons as Gereformeerdes dikwels beskuldig word, naamlik dat ons baie aandag skenk aan die Vader en die Seun binne die Drie-Eenheid, maar bitter min aan die Heilige Gees.

- ***Oor die meriete van die aantyging gaan ek nie verder redeneer nie, maar wat ek wel wil doen is om te beklemtoon: sonder die Heilige Gees en sy werking in ons en deur ons en met ons, is en kan ons net mooi niks nie.*** **Sou ons nie vandag hier in die erediens gesit het as gelowiges nie.**

Laat ons dit daarom deeglik besef: die waarde van God die Heilige Gees kan ons baie moeilik werklik na waarde skat – net so min as wat ons die omvang van die waarde van God die Vader of die Seun werklik na waarde kan skat.

Die wonderlike: die belofte van die koms van die Heilige Gees word werklikheid soos Jesus belowe het en die rol van die Heilige Gees aan sy Kerk uitgespel het in Joh. 14-16. En presies 50 dae na Jesus se kruisiging en 10 dae nadat Hy die hemelse troon bestyg het, word die Heilige Gees, geliefdes, oor (eintlik in) die gelowiges wat daar saam was soos ons gelees het, uitgestort.

- *Hoor mooi:* ***uitgestort*** *en nie maar so bolangs gesprinkel nie.* Dit dui daarop dat die heilige Gees elkeen in oorvloed vervul het en die idee dat Hy so oor die mense uitgestrooi is en elkeen 'n ietsie van Hom gekry het, word daarmee die nek ingeslaan. Nee, elkeen wat daar was – en so elke gelowige van alle tye – is volledig met die Gees vervul. *En soos ons in Gal. 5: 22-23 leer ook vervul met die vrug van die Gees wat ons nou onder sy leiding en tot eer van God en in dankbaarheid vir ons verlos wees deur Jesus Christus as God se verteenwoordigers in die wêreld moet uitleef.* MAG EK BEKLEMTOON: ELKEEN WAT SÊ DAT HY/SY MET DIE GEES VERVUL IS, HET DIE VOLLE VRUG – AL NEGE DELE DAARVAN. ***Besef net: biddend om die leiding van die Heilige Gees moet dit gesoek, uitgebou en uitgeleef word.***

Vir interessantheid kan dit hier gemeld word, dat die Heilige Gees aan die Kerk van Jesus gegee is tydens een van drie grootste feeste van die Joodse volk, naamlik die Pinksterfees. Tydens die Pinksterfees is die Here gedank vir die oeste wat die volk uit sy hand ontvang het.

- *Tydens die viering van die oesfees, ontvang die Kerk een van die belangrikste "oeste" van die werk van Jesus Christus, naamlik die ander Trooster. Sonder Jesus se versoeningsoffer sou die "oes" nooit die mens se deel gewees het nie.* **Hierdie Trooster word saam met**

Jesus sy Kerk se belangrikste Voorspraak in ons belang by die Vader.

En hoewel ons nooit die Heilige Gees werklik met die menslike oog kan sien nie, liewe lidmate, weet ons en ervaar ons hoe Hy kragdadig in, met en deur ons werk.

- Die **IN** ons werk beleef ons en weet ons van deurdat ons vandag kan glo. Sonder die inwerking van die Gees, kan geen mens tot geloof kom nie. *Deur sy werk in ons, kom ons ook daartoe (en dit kan en moet so wees) om gawes wat ons het tot sy eer en tot diens van sy Kerk en Koninkryk te gebruik.* Soos Ef. 4 leer het elke gelowige gawes (charismata) en dit nie om te versteek nie, maar om in belang van die hoof (Jesus Christus) en sy liggaam (die Kerk/gemeente) te gebruik. Die Gees IN ons wil ons daartoe lei, bekwaam en begerig maak. Bid daarvoor!
- Die **MET** ons werk, beleef ons weer wanneer ons getoets word, as ons regop bly in die stryd van die lewe; as ons in die geloof groei en as ons op koers bly in die deurmekaar wêreld. Ons beleef dit wanneer ons getroos word in tyd van hartseer; as ons rustig word as alles rondom ons inmekaar tuimel; as die vrede van God oor ons die wag hou terwyl almal van angs wegkwyn.
- Die **DEUR** ons werk, word duidelik wanneer ons as sout vir die aarde en lig vir die wêreld waarde toevoeg. Uit onsself kan dit nie gebeur nie, maar net die Gees kan daardie waarde deur ons na vore bring. Hy werk ook deur ons as ons iemand van sonde oortuig, iemand met liefde en woorde troos, op die regte pad bring en noem maar op. Daarvoor, liewe gemeente, moet ons onsself net biddend oopstel en Hom vertrou en elke geleentheid tot diens voluit aangryp.

Uit al hierdie dinge wat genoem is, word dit duidelik: die Heilige Gees is en bly 'n wonderlike Gawe van God ons Vader aan elke kind van Hom. ***Hy is daarom 'n Gawe waarin dit duidelik word dat die hemelse Vader ons besonder lief het; dat Hy werklik vir ons omgee, dat Hy deur sy Gees nie net onder ons kom woon nie, maar in ons kom woon – en dit in oorvloed. Altyd en oral!***

- By dit alles hoor ons inderdaad ook hoe lief die Heilige Gees ons het, want Hy willig in om in ons te kom woon. *Ons wat ons elke dag steeds weer besmet met sonde. Ons wat so traag is om uit onsself God te wil dien. Ons wat niks is of kan nie, ons kies Hy om in te kom woon. Net so onbegryplik is dit as wat dit is om te verstaan waarom Jesus die helse lyding deurstaan vir mense wat daar niks van verdien of ooit kan verdien nie.*

Kom ons besef net baie deeglik en duidelik: ***as ons sê dat ons die Heilige Gees ontvang het, moet (ek wil beklemtoon: MOET) dit in ons handel en wandel elke dag gesien word. Gesien word dat ons deur die Gees en nie die duiwel nie gelei en bestuur word. Gesien word in ons liefde vir God en ons naaste – sonder aansiens des persoon.*** Groot verantwoordelikheid, maar gelukkig wil die Gees ook daarin help.

Hoewel dit waar is dat die Heilige Gees, liewe lidmaat, 'n buitengewone Gawe van die hemelse Vader is, is die Heilige Gees tegelyk ook 'n Gewer in volle reg. Is Hy besig om aan ons te gee deur in en met ons te werk.

- Die belangrikste wat ons al van Hom as Gewer ontvang het, is die **voorreg om te glo.** En deur die gawe van geloof, word ons tegelyk al die weldade wat Jesus Christus losgewerk het as Middelaar, deelagtig. Ons sou daarin nie kon deel as ons dit uit onsself moes bekom nie, want uit onsself kan ons net slegte dinge bymekaar maak of bekom.

En onthou gerus: *elke keer as jy aan jou geloof dink of op welke wyse daaraan werk, word dankbaar stil teenoor die Gees vir die voorreg om te glo. En die dankbaarheid behoort uitgebou te word deur elke geleentheid tot geloofsopbou en uitbou, aan te gryp en te benut.* Besef dan: elke erediens, elke keer wat ek Bybel lees of kan lees; elke keer as ek bid, is dit die Heilige Gees wat in en met my besig is. **Sonder Hom sou daar van die dinge niks tereg gekom het nie!**

- Want besef: die Heilige Gees werk in hoofsaak deur die Woord en sakramente. As ek dit daarom gaan geringskat, ondermyn ek; minag ek; onderskat ek die werk van die Heilige Gees in my.

Van die belangrikste werk, so word algemeen aangedui, wat die Gees vir die gelowiges doen, is om te troos. Troos is iets wat ons bitter nodig het. Dit nie net as dierbares afsterf nie, maar in die wêreld waarin satan alles vir ons so onaangenaam denkbaar probeer maak. Daarom raak die troos onder andere die volgende:

- **Sekerheid** van die ewige lewe as die lewe ons onderkry en daarom kan ons volhard om die ewige heerlikheid te kan ontvang.
- **Vastigheid** as alles rondom ons wegkalwe en alles vir die wêreld tevergeefs lyk, bly ons vol hoop en sekerheid oor die dinge wat vasstaan, maar ons nie kan sien nie.
- **Rustigheid** as satan bly seëvier met sy onreg, ongeregtigheid en geweld in die wêreld, omdat ons weet: God regeer deur Christus en Hy sien alles en almal sal wel tot verantwoording geroep word.
- Hy, liewe kinders van God, maak dat **geloof, hoop en liefde** ondanks alles in ons bly lewe. En dit maak dat ons onder pyn en angs, vreugde en vrede; voorspoed en teëspoed geduldig en dankbaar kan bly, want ons weet: ons lewe is nie aards gebonde nie, maar in die hemel waar Jesus is, geborge. *Daarvan bly die Gees ons altyd oortuig.*

Uit alles wat ons reeds gehoor het, moet dit duidelik wees: die Heilige Gees is nie maar net 'n mag, of 'n wind of 'n spook nie, maar 'n Persoon soos die Vader en die Seun en voluit deel van die Drie-Eenheid. 'n Persoon wat bedroef kan word; vir Wie gelieg kan word; wat gelaster kan word; wat beledig kan word. 'n Persoon wat ons uit dankbaarheid moet dien en erken saam met die Vader en die Seun. Dit in woord en daad, met krag en verstand.

Hy kan buitengewone dinge ook laat voorkom en gebeur, soos dat die gelowiges wat op die eerste dag wat Hy uitgestort is, skielik in alles toe bekende wêreldtale kon praat. Dit met 'n goeie doel, naamlik sodat die Woord van God spoedig oor die hele wêreld kon versprei. ***Waarvoor dadelik***

opgepas moet word, is om nie te dink: die Heilige Gees kan gedruk of gekaap of wat ook al word om net buitengewone dinge te doen om mense te beïndruk nie.

- Al is Hy in ons om met en in en deur ons te werk, beteken dit nie dat Hy in ons diens staan nie, maar soos dit die geval met die Vader en die Seun is, moet ons weet: **ons is in sy dien en moet Hom gehoorsaam**.

In kort: wees dankbaar en erkentlik teenoor die Gees vir die werk wat Hy in jou en my belang doen en gee jou aan Hom oor sodat jy diensbaar kan wees sonder om gesien te word, tot sy eer en in belang van die Koning van almal en alles se koninkryk.

Amen.
Ds Piet Fanoy